

NAL'IBALI

HOEKOM BOEKE BELANGRIK IS

Die jong mense van Suid-Afrika het baie nodig. Hulle het prentboeke nodig, boeke met hoofstukke en ook boeke wat hulle vir die pret lees en vir navorsing kan gebruik. Die meeste van hierdie boeke behoort in hul moedertaal te wees. En dit is belangrik dat kinders gewys word hoe om 'n band met boeke te vorm.

Navorsing toon dat ons die volgende **vyf dinge** moet doen om kinders in boeke te laat begin belangstel en dit aan te hou doen:

1. Gee vir kinders toegang tot boeke. Kinders vir wie dit makliker is om toegang tot boeke te kry, lees meer.
2. Maak 'n groot verskeidenheid boeke beskikbaar sodat hulle boeke kan kies waarin hulle belangstel.
3. Laat hulle toe om hul eie boeke te kies.
4. Gesels met jou kinders oor boeke en lees vir hulle, ongeag hoe oud hulle is.
5. Moedig jou kinders aan om met ander kinders oor boeke te gesels.

Gesels met kinders oor boeke

Om met kinders oor boeke te gesels, is net so belangrik as om die woorde vir hulle te lees! Wanneer jy die prente, karakters en wat in die storie gebeur, met kinders bespreek, leer hulle hoe boeke werk en hoe om hulle te verken. Dit versterk ook die band tussen julle en help om hul taal, selfvertroue en selfrespek te verbeter.

Die beste manier is om die gesprek net natuurlik te laat vlot terwyl julle 'n boek saam geniet.

'n Paar idees om oor boeke te gesels

- ♥ Maak tyd om oor die inligting, illustrasies of foto's op die omslag aan die voor- en agterkant van die boek te gesels. Wanneer jy hierdie dinge doen, leer kinders dat hulle hierdie boekelemente kan gebruik om self boeke te kies.
- ♥ Gesels op verskillende plekke in die storie of ná die tyd oor menings en idees oor die boek. Dit help kinders om te leer hoe om boeke te benader.
- ♥ Moedig kinders aan om goed na die illustrasies en woorde in boeke te kyk. Gesels byvoorbeeld oor die styl van die illustrasies en die grootte van 'n groot of klein woord op die bladsy.
- ♥ Baie stories fokus op hoe karakters uitdagings in hul lewens hanteer. Moedig jou kinders aan om meer empatie en begrip vir ander te hê deur hulle te vra om te dink oor hoekom karakters op spesifieke maniere in die storie optree.



THE IMPORTANCE OF BOOKS

The young people of South Africa desperately need books. They need picture books, chapter books and books to read for fun or for research. Most of these books should be in their mother tongue. Importantly, children need to be shown how to connect with books.

Research shows that we need to do these **five things** to get and keep children interested in books and reading:

1. Give children access to books. Children who can get books more easily, read more.
2. Have a wide variety of books available so that they can select books that interest them.
3. Let them choose their own books.
4. Speak to your children about books and read to them, no matter their age.
5. Encourage your children to speak to other children about books.

Talk to children about books

Talking to children about books is just as important as reading the words to them! Through discussing the pictures, characters and what is happening in the story, children learn about how books work and how to explore them. It also strengthens the bond between you and helps grow their language, confidence and self-esteem.

The best thing is to just let the conversation flow naturally as you enjoy a book together.

Some ideas for talking about books

- ♥ Spend time talking about the information, illustrations or photographs on the front and back covers of the book. When you do these things, children learn that they can use these book elements to choose books for themselves.
- ♥ At different points in the story or afterwards, share opinions and ideas about the book. This helps children learn how to approach books.
- ♥ Encourage children to look carefully at the illustrations and words in books. For example, talk about the style of illustrations and the size of a large or small word on the page.
- ♥ Many stories focus on how characters deal with challenges in their lives. Encourage your children to strengthen their empathy and understanding of others by asking them to think about why characters behaved in particular ways in the story.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies! Literacy Seeds!



Stel babas en kleuters aan boeke bekend

Beste ouers en versorgers van jong kinders, van geboorte tot op drie jaar oud leer kinders ongelooflik baie taal aan! Hoe meer stories en boeke jy dus vir hulle lees, hoe meer taal leer hulle aan.

Mense gebruik hul vyf sintuie om van die wêreld om hulle te leer. Ons moet ons kinders toelaat om boeke te verken sodat hulle daarvan kan leer. Een van die maniere waarop ons dit kan doen, is om vir hulle geleenthede te gee om met boeke te speel.

Introducing books to babies and toddlers

Dear parents and caregivers of young children, from birth to the age of three, children learn an enormous amount of language! So, the more stories and books you read to them, the more language they learn.

Human beings use their five senses to learn about the world around them. We need to allow our children to learn about books by exploring them. One of the ways we can do this is by giving them opportunities to play with books.

- Babas hou daarvan om boeke te verken deur daaraan te vat, dit te slaan, te skud en selfs daaraan te kou! Hulle is ook goeie luisteraars en nabootsers. Hulle maak dikwels geluide en klap hande om te wys hoeveel hulle dit geniet wanneer ons vir hulle lees.
- Maak seker daar is tye wanneer babas en kleuters op hul eie na boeke kan kyk. Kartonboeke het ronde hoeke sodat dit jou kind nie kan seermaak nie, en dit is spesiaal gemaak sodat kinders dit kan kou, rof kan hanteer en kan laat val!
- Daar is geen regte of verkeerde manier om boeke saam met babas en kleuters te gebruik nie. Dit gaan meer daaroor dat julle die tyd wat julle saam deurbring, geniet en dat hulle leiding gevolg word oor wat om volgende te probeer. Jy kan hulle aanmoedig om die bladsye van die storieboek om te blaai en die storie te vertel terwyl hulle blaai.
- Moedig hulle aan om boeke te verken deur seker te maak dat daar altyd boeke rondlê wat hulle kan optel en "lees" wanneer hulle dit wil doen.



- Babies like to try out books by touching, banging on, shaking and even chewing them! They are also great listeners and imitators. Often, they make sounds and clap their hands to show how much they are enjoying us reading to them.
- Make sure that there are times when babies and toddlers can look at books on their own. Board books have rounded corners so that they cannot hurt your child, and they are specially made to be chewed, handled roughly and dropped!
- There is no right or wrong way to use books with babies and toddlers. It is more about enjoying the time you spend together and following their lead in deciding what to try next. You can encourage them to turn the pages of the storybook and tell the story as they go.
- Encourage them to explore books by making sure that there are always some books around for them to pick up and "read" when they want to.



Wanneer kinders met boeke speel, kry hulle geleenthede om belangrike geletterdheidslesse te leer en – die allerbeste deel daarvan is – dit is wat kinders van nature doen wanneer ons vir hulle lees en daar boeke in hulle omgewing is waaruit hulle kan kies.



Playing with books offers children opportunities to learn important literacy lessons and – best of all – it's what children do naturally when we read to them and have books to choose from in their environment.



Drive your
imagination

Maak boeke saam met kinders

- Om saam met jou kinders boeke te maak, moedig hulle aan om verantwoordelikheid vir hul eie leer te aanvaar.
- Dit moedig samewerking aan wanneer kinders beurte maak om te skryf en te teken.
- Wanneer hulle die voltooide boek sien, laat dit hulle voel dat hulle iets bereik het. Dit motiveer hulle om meer te wil skryf en hul volgende boek beter as die vorige een te maak.

Wat jy sal nodig kry:

- ⚙ Blanko papier
- ⚙ Penne, kleurpotlode en vetkryt
- ⚙ Skêr
- ⚙ Gom
- ⚙ Ou tydskrifte vir prente
- ⚙ Plakboekpapier of dun karton vir die omslag
- ⚙ Wol of 'n kramdrukker om die boek te bind



Bookmaking with children

- Bookmaking encourages children to take responsibility for their own learning.
- It encourages working together when children take turns to write and draw.
- Seeing the finished book gives them a great sense of achievement. This motivates them to want to write more and make their next book better than the one before.

What you'll need:

- ⚙ Blank paper
- ⚙ Pens, coloured pencils and crayons
- ⚙ Scissors
- ⚙ Glue
- ⚙ Old magazines for pictures
- ⚙ Scrapbook paper or thin cardboard for the cover
- ⚙ Wool or a stapler to bind the book



Maak die boek

Laat die kinders 'n onderwerp kies wat hulle geniet. Byvoorbeeld:

- boeke met grappies
- boeke oor hulself
- boeke oor diere
- boeke oor hul gunstelingdinge
- boeke oor hoe om goed te maak

1. Laat die kinders in groepe of op hul eie werk om hul boeke te maak.
2. Wys hulle hoe om velle A4-papier in die helfte te vou om 4 bladsye vir hul boek te maak. Hul boek moet minstens 8 bladsye hê.
3. Wys vir hulle hoe om te beplan wat op elke bladsy moet wees en hoe om die spasie op elke bladsy vir hul prente en woorde te gebruik.
4. Laat die kinders saamwerk om prente vir hul boek te teken of te vind en uit te knip.
5. Help hulle om die inligting of storie vir hul boek te skryf.
6. Wys hulle hoe om 'n omslag vir hul boek te maak. Herinner hulle om hul name op die omslag te skryf.
7. Help hulle om hul boek aanmekaar te sit met gom, krammetjies of deur dit te stik.



Make the book

Allow the children to choose a topic that they enjoy. For example:

- books with jokes
- books about themselves
- books about animals
- books about favourite things
- how-to books



1. Allow the children to work in groups or alone to make their books.
2. Show them how to fold A4 sheets of paper in half to make 4 pages for their book. Their book should have at least 8 pages.
3. Show them how to plan what should be on each page and how to use the space on each page for their picture and words.
4. Let the children work together to draw or find and cut out pictures for their book.
5. Help them to write the information or story for their book.
6. Show them how to make a cover for their book. Remind them to add their names to the cover.
7. Help them to glue, staple or sew their book together.

Hoe om ons stories op verskillende maniere te gebruik

1. **Vertel die storie vir jou kind.** Lees en oefen om die storie te vertel. Gebruik dan jou stem, gesig en liggaam om die storie te laat lewe.
2. **Lees die storie vir jou kind.** Gesels oor die prente. Vra: "Wat dink jy gebeur volgende?" of "Hoekom dink jy het die karakter dit gesê of gedoen?"
3. **Lees die storie saam met jou kind.** Maak beurte om die storie saam te lees. Moenie hul foute regmaak nie, en help net as hulle jou vra om te help.
4. **Luister hoe jou kind lees.** Luister sonder om hulle te onderbreek. Sê dat dit vir jou lekker is om te luister wanneer hulle hardop vir jou lees.
5. **Doen die aktiwiteite in Raak doenig met stories!** Dit behoort vir jou en jou kind pret te wees.

How to use our stories in different ways

1. **Tell the story to your child.** Read and practise telling the story. Then use your voice, face and body to bring the story to life.
2. **Read the story to your child.** Talk about the pictures. Ask, "What do you think happens next?" or "Why do you think the character said or did that?"
3. **Read the story with your child.** Take turns to read the story together. Don't correct their mistakes, and only help if they ask for it.
4. **Listen to your child read.** Listen without interrupting. Say that you enjoy hearing them read aloud to you.
5. **Do the Get story active! activities.** This should be fun for you and your child.



Drive your imagination

Jou Storie



Your Story

Ethan Lwandile Moyo is sewe jaar oud en wil graag eendag 'n skrywer wees. Hy het sy storie per e-pos aan ons gestuur, en ons het soveel daarvan gehou dat ons besluit het om dit te publiseer sodat alle Nal'ibali-lesers dit kan geniet. Ons dink Ethan het 'n blink toekoms as 'n skrywer! Hier is sy storie.

Ethan Lwandile Moyo is seven years old and would like to be a writer one day. He emailed his story to us, and we thought it was so lovely that we decided to publish it for all Nal'ibali-ians to read. We think Ethan's off to a great start to becoming an author! Here is his story.

'n Dag saam met die President

Deur Ethan Lwandile Moyo (Graad 2)

"Wat is jou naam?" vra hy.

"My naam is Tiny," antwoord ek. "Wat is jou naam?"

"My naam is Cyril Ramaphosa. Kan ons maats wees?"

My maat vat my in 'n groen straalvliegtuig na 'n prettige plek baie ver van hier.

Ons speel op die swaaie, ry op die tuimeltreintjies en knortjorre en geniet nog baie ander speletjies.

Ek en my maat is honger en daarom gaan ons na 'n lekker restaurant toe. Ons eet heerlike worsbroodjies, sjokolade, lekkers en koek.

My maag is lekker vol. En toe my maat roomys bestel, kan ek nie nee sê daarvoor nie.

Ek smul aan die roomys, want dit is vir my die lekkerste!

Ná 'n heerlike dag neem my maat my terug huis toe.

Dankie, mnr. die President, my maat.

A day with the President

By Ethan Lwandile Moyo (Grade 2)

"What is your name?" he asked.

"My name is Tiny," I replied. "What is your name?"

"My name is Cyril Ramaphosa. Can I be your friend?"

My friend took me in a green jet to a far, far away fun place.

We played on the swings, rode rollercoasters, go-karts and enjoyed many more games.

My friend and I were hungry, so we went to a nice restaurant. We ate tasty hotdogs, chocolates, sweets and cake.

My tummy was nice and full. And my friend ordered ice cream and I could not say 'No' to that.

I gobbled the ice cream, my favourite!

My friend took me back home after a beautiful day.

Thank you, Mr President, my friend.

Deel jou stories en tekeninge met ons deur dit na stories@nalibali.org te stuur. Geniet dit om elke dag te lees en te skryf!

Share your stories and drawings with us via stories@nalibali.org. Enjoy reading and writing every day!

Bou jou eie biblioteek.

Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies


1. Haal bladsye **5** tot **12** van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye **5**, **6**, **11** en **12** daarop maak een boek. Die vel met bladsye **7**, **8**, **9** en **10** daarop maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hier onder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip op die rooi stippellyne.



Grow your own library.

Create **TWO** cut-out-and-keep books

1. Take out pages **5** to **12** of this supplement.
2. The sheet with pages **5**, **6**, **11** and **12** on it makes up one book. The sheet with pages **7**, **8**, **9** and **10** on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Rosie gaan na haar geheime plek agter die granietrots. Sy weet sy gaan almal vanaand verstom. Sy gaan 'n baliepassie uitvoer wat 'n *grand jete* genoem word. Maar 'n *grand jete* is moeilik! Sy moet 'n kort enjle hardloop en dan hoog in die lug spring, so hoog as wat sy kan. Sy moet spring asof haar lyf so lig soos 'n veertjie is. En dan moet sy sê en grasius op haar voorpote land.

Rosie oëfen die hele middag. Teen die tyd dat die rose rooi word wanneer die son sak, weet sy haar *grand jete* is perfek. Ja, die diere gaan verstom wees! Hulle sal nooit weer vir haar lag nie!

Rosie went to her secret place behind the granite rocks. She knew tonight she would amaze everyone. She was going to perform a ballet step called a *grand jete*. But a *grand jete* was difficult! She had to take a short run and then leap high in the air, as high as she could. She had to leap as if her body were as light as a feather. And then she had to land on her front feet, gently and gracefully.

Rosie practised all afternoon. By the time the rocks turned red from the setting sun, she knew her *grand jete* was perfect. Yes, the other animals would be amazed! They would never laugh at her again!

It had been a long dry season and the waterhole had shrunk to just a patch of dried mud. Wise Mama Elephant saw that the animals were sad and suggested they have a concert. As they danced and sang, the animals forgot about being hot and thirsty. Would a concert be enough though?

This story was specially created for Nal'ibali to spark children's potential through storytelling and reading for enjoyment.



Dit was 'n lang, droë seisoen en die watergat het tot net 'n droë modderkol gekrimp. Wyse Mamma Olifant sien dat die diere hartseer is en stel voor dat hulle 'n konsert hou. Terwyl hulle dans en sing, vergeet die diere hoe warm hulle kry en hoe dors hulle is. Maar sal 'n konsert genoeg wees?

Hierdie storie is spesiaal vir Nal'ibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ Draw your favourite part of the story.
- ★ Use paper plates, string and crayons to make animal masks. Put on your animal masks and reread the story as a group.
- ★ Gather a group of your friends and family members and plan a concert. Choose activities that are simple to prepare and make costumes from items that are readily available.

Raak doenig met stories!

- ★ Teken jou gunstelingdeel van die storie.
- ★ Gebruik papierborde, tou en vetkryt om dieremaskers te maak. Sit jul dieremaskers op en lees weer die storie as 'n groep saam.
- ★ Kry 'n groep van jou vriende en familielede bymekaar en beplan 'n konsert. Kies aktiwiteite wat eenvoudig is om voor te berei en maak kostuums van items wat maklik verkrygbaar is.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your imagination

Kalahari concert




Kalahari-konsert

Jenny Robson • Bill Masuku

Ideas to talk about: Have you every been to a concert? Do you remember what happened there? What was your favourite part of the concert? Would you like to take part in a concert? What would you do?

Idees om oor te praat: Was jy al ooit by 'n konsert? Onthou jy wat daar gebeur het? Watter deel van die konsert het jy die meeste geniet? Sal jy graag aan 'n konsert wil deelneem? Wat sal jy doen?



It had been a very dry summer. The sun beat down day after day. Not a cloud drifted in the bright blue sky, and the waterhole had shrunk smaller and smaller, until it was just a patch of dried mud. “This is awful!” said Gorata the Giraffe. Her long neck drooped. “We are so thirsty,” wailed Itseng the Impala. All her cousins nodded their heads with their tiny horns.


Dit was ’n baie droë somer. Die son bak dag ná dag op die veld neer. Daar is nie ’n wolkie in die lug nie. En die watergat het kleiner en kleiner gekrimp tot daar nou net ’n droë modderkol oor is. “Dis verskriklik!” sê Gorata die Kameelperd en buig haar lang nek. “Ons is so dors,” kerm Itseng die Rooibok. Al haar nefies en niggies knik met hul klein horinkies.



The monkeys fell about laughing and holding their tummies, their long tails twitching this way

and that. “Ballet? A great big lump like that wants to be a ballerina! That will be the funniest joke of the night!” said the cheekiest monkey. But Mama Elephant paid no attention to them. “Off you go,” she said. “You all need to go and practise. Our concert will start at sunset.”

Die apies lê soos hulle lag, hou hul mae vas en swiep hul lang sterte heen en weer. “Ballet? So ’n groot lomp lyf, en sy wil ’n ballerina wees! Dit sal die grap van die aand wees!” sê die parmantigste apie. Maar Mamma Ollifant stuur haar nie aan hulle nie. “Toe, weg is julle,” sê sy. “Julle moet almal gaan oefen. Ons konsert begin teen sononder.”



“Thank you, Rosie!” they shouted in between mouthfuls. “You are the best, most wonderful, most amazing ballerina ever!” And not one of them thought it was a funny thing to say!

“Dankie, Rosie!” roep hulle tussen die slukke deur. “Jy is die beste, wonderlikste, verstommendste ballerina wat daar nog ooit was!” En nie een van hulle dink eens daaraan om te lag nie!



As the first stars appeared, the animals gathered on the plain. “Welcome to the first act of our concert. My sister and I will be playing a kwato song with our trunks,” said Mama Elephant. The audience clapped and cheered as the elephants gathered. It wasn’t long before everyone was dancing to the music. And when the sisters finished, there was more clapping and cheering. Toe die eerste sterre uitkom, kom die diere op die vlakke bymekaar. “Welkom by die eerste vertoning van ons konsert. Ek en my suster gaan ’n kwato-liedjie met ons slurpe speel,” sê Mamma Ollifant. Die gehoor klap hande en juig terwyl die olifante bymekaarkom. Kort voor lank dans almal op die musiek. En toe die susters klaar is, is daar weer applous en ’n gejuig.

Sê nou 'n walvis sluk my by
die strand in?



What if a whale swallows
me at the beach?

“Dan sal jou oussus, kamo, jou
uit die bad uit trek.”



“Then your big sister,
kamo, will pull you out
of the bath.”

Lots more free books at bookdash.org

Get story active!

- ★ Can you remember three things that Tumi was afraid of? Draw three things that you are afraid of.
- ★ What could you do if you feel afraid? Write down three things that you can do to help you be brave.
- ★ As a family, talk about how you can help each other when scary things happen. Role-play what each person will do to help the others when something scary happens.

Raak doenig met stories!

- ★ Kan jy drie dinge onthou waarvoor Tumi bang is? Teken drie dinge waarvoor jy bang is.
- ★ Wat kan jy doen as jy bang voel? Skryf drie dinge neer wat jy kan doen om jou te help om dapper te wees.
- ★ Gesels as 'n gesin oor wat julle kan doen om mekaar te help wanneer dinge gebeur wat julle bang maak. Doen 'n rolspel van wat elke persoon sal doen om die ander te help wanneer iets gebeur wat julle bang maak.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.

Drive your imagination

Scared Tumi

Tumi is bang

Nicola Anne Smith • Mohale Mashigo
Nontobeko Kunene • Ester Levinrad

Ideas to talk about: Do you think that everyone is scared of something? What are you afraid of? Who or what helps you to be brave when you are scared?

Idees om oor te praat: Dink jy almal is bang vir iets? Waarvoor is jy bang? Wie of wat help jou om dapper te wees wanneer jy bang is?


Sê nou daar is oë in die
drein waar die water uit die
bad uit loop?



What if there are eyes in
the bathtub drain?


My name is Tumi and I
am scared.

My naam is Tumi, en
ek is bang.



“Ek sal hier by jou wees en jou
hand vashou.”
Almal raak bang. Mamma sê ’n
mens mag maar bang voel.

“Then Kamo and I will swim
into the whale’s mouth to
rescue you.”



“Dan sal ek vir die monster sê
om weg te gaan en NOOIT weer
terug te kom nie.”



“Then I will tell it to go away
and NEVER come back.”

“Dan sal ek en kamo tot in
die walvis se mond swem en
jou kom red.”



What if I'm scared of going to
the dentist tomorrow?



Sê nou ek is bang om môre
tandarts toe te gaan?



Sê nou daar is 'n monster
onder my bed?



What if there is a
monster under my bed?

Mama says it's okay to
be scared.
"Everybody gets scared."



Mamma sê 'n mens mag
maar bang voel.
"Almal raak bang."

Sê nou ek kan nie ABC sing
nie en die ander kinders lag
vir my?



What if I can't sing ABC
and the other kids laugh
at me?

"Then Teacher Jill will
help you remember."



"Dan sal Juffrou Jill jou help
om te onthou."



“Next up are some monkey jokes,” trumpeted Mama Elephant. Some of the jokes were funny, some of them were not. Some of them were just confusing. Still, the animals clapped and cheered for the monkeys. The animals were feeling better now. They had forgotten about being hot and thirsty. They were all waiting for Rosie to perform her ballet. That would surely be the funniest sight ever!

“En nou vir ’n paar aapgrappe,” trompetter Mamma Olifant. Van die apies se grappe is snaaks en ander nie. En van die grappe is net verwartrend. Tog klap die diere hande en juig die apies toe. Die diere voel nou beter. Hulle het vergeet dat hulle warm kry en dors is. Hulle wag vir Rosie om haar ballet te doen. Dit gaan seker die snaakste ding wees wat hulle nog ooit gesien het!

Mama Elephant trumpeted above the noisy monkeys. “My sister and I will play some music using our trunks. And you, Rosie? What will you do in our Kalahari concert?” Rosie felt shy. There was only one thing she wanted to do, only one thing she dreamed of. “Ballet,” she answered softly. “I will do ballet!” “Ballet!” everyone echoed.

Mamma Olifant trompetter bo die geraas van die lawaaiige apies. “Elk en my suster gaan musiek maak met ons slurpe. En jy, Rosie? Wat gaan jy in ons Kalahari-konsert doen?” Rosie voel skam. Daar is net een ding wat sy wil doen, net een ding waarvan sy droom. “Ballet,” antwoord sy sag. “Ek wil ballet doen!” “Ballet!” eggo almal.

Silently, everyone stared at the spot where Rosie had landed. There was a huge hole in the ground. And then . . . and then, the most wonderful, most glorious, most amazing thing happened. Out of the hole gushed a fountain of water – clean, sparkling, fresh underground water! The animals rushed forward, feeling the water’s coolness on their skins, drinking it down in great gulps.

Hulle staar in stilte na die plek waar Rosie geland het. Daar is nou ’n groot gat in die grond. En toe . . . toe gebeur die wonderlikste, heerlikste, verstommendste ding. Uit die gat spuit ’n fontein water – skoon, helder, vars ondergrondse water! Die diere storm vorentoe, voel die koeligheid op hul velle en drink groot slukke water.

“We are hot and cross!” added Kgosi the Kudu. All his cousins nodded their heads with their long, curly horns. “What a disaster!” shouted Moses the Monkey. But his monkey friends were too busy arguing and fussing to hear him. Rosie the Rhino stayed quiet. She stood beside a thorn tree. But the tree had no leaves, so there was no shade for her enormous body.

“En ons kry warm en is kwaad!” voeg Kgosi die Koedoe by. Al sy nefies en niggies knik hul lang krulhoringe. “Wat ’n ramp!” skree Moses die Ape. Maar sy aapmaatjies is veels te besig om te stry en te baklei en hoor hom glad nie. Rosie die Renoster bly doodstil. Sy staan langs ’n doringboom. Maar daar is geen blare nie, en daarom is daar geen skaduwee vir haar groot lyf nie.



“Die rooibokke gaan ’n toneelsuk opvoer,” se Itseng. “Dit sal oor familie gaan – oor hoe wonderlik dit is om baie nêtes en niggies en ooms en tantes te hê!”

“Ek en Moses gaan akrobatiese toertries doen,” se Gorata. “Moses kan ongelooftlike toertries doen deur teen my nek op te klouter en dan weer af te gly!”

Die ander apies wil grappe vertel. Daar is ’n gestyvery terwyl hulle besluit wie die beste grapverteller is.

“The impalas will stage a play,” said Itseng. “It will be about family – about how lovely it is to have lots of cousins and aunts and uncles!”

“Moses and I will do an acrobatic show,” said Gorata. “Moses can do amazing tricks climbing up my neck and sliding down.”

The other monkeys wanted to tell jokes. There were arguments while they decided who the best joke-teller was.



Wise Mama Elephant looked at all the sad faces. She felt terrible for the animals. She knew it was still many, many weeks before the first rains would fall. How could she cheer them up? That’s when she had an idea.


“A concert!” announced Mama Elephant. “Yes, we will hold a Kalahari concert!”

The mood changed at once. Soon everyone forgot about being hot and thirsty. They were too busy planning their concert acts.

Wyse Mamma Olifant kyk na al die hartseer gesigte. Sy voel baie jammer vir die diere. Sy weet dit gaan nog weke duur voor die eerste reën kom. Hoe kan sy die diere moed inpraat? Toe kry sy ’n slim plan.

“’n Konsert!” kondig Mamma Olifant aan. “Ja, ons gaan ’n Kalahari-konsert hou!”

Onmiddellik verander die stemming. Almal vergeet dat hulle warm kry en dors is. Hulle is te besig om hul vertonings vir die konsert te beplan.



Uiteindelik, na die rooibokke se toneelsuk en Gorata en Moses se akrobatiese toertries, kondig Mamma Olifant aan: “En nou vir die laaste vertoning van die aand, die hoogtepunt van ons Kalahari-konsert – ons eie ballerina, Rosie die Renoster!”

Rosie verskyn op die verhoog. Sy het veldblomme agter haar een oor ingedruk. Om haar groot maag het sy pienk materiaal gedrapeer, sodat dit biejie soos ’n romp lyk.

It looked a bit like a skirt.

one ear. She had some pink material tied around her large tummy.

Onto the stage stepped Rosie. She had wildflowers tucked behind our Kalahari concert – our very own ballerina, Rosie the Rhino!”

Moses, Mama Elephant announced, “And now, the final act of At last, after the impalas’ play and the acrobatics from Gorata and

“Go, Rosie, go!” the audience yelled. The monkeys were falling about laughing again.

Rosie didn’t care – her dream was coming true. To prepare for her *grand jeté* . . . she took a short run and jumped into the air as high as she could. For a brief moment she felt as if she were flying, as light as a feather.

Then down she came, not gently nor gracefully, but with a massive, enormous, crashing *THUMP!* The ground shook like there was an earthquake.

Everyone stopped laughing.

“Hoera vir Rosie!” gil die gehoor. Die apies rol op die grond rond van die lag.

Rosie gee nie om nie – haar droom is besig om waar te word. Om vir haar *grand jeté* gereed te maak, hardloop sy ’n paar tree en spring sy so hoog as wat sy kan in die lug op. Vir ’n vlietende oomblik voel sy of sy vlieg, lig soos ’n veer.

Dan kom sy terug grond toe, nie sag of grasius nie, maar met ’n geweldige, enorme, donderende *KADOEF!* Die grond skud asof daar ’n aardbewing was.

Almal hou op lag.



ons sonnestelsel



our solar system



Die towenaar se geskenke

Deur Natasha Simon ■ Illustrasies deur Heidel Dedekind



Lank, lank gelede, in 'n land waar towerkuns deel van die alledaagse lewe was, het daar 'n magtige towenaar gewoon. Die towenaar was baie trots en het gespog oor hoe wonderlik hy is. Hy wou altyd die middelpunt van die aandag wees. Die koning het die magtige towenaar aangestel om hom met probleme in sy koninkryk te help. Maar die towenaar was baie gierig, en die koning moes hom baie goud betaal.

Op 'n dag kom drie broers na die towenaar toe. Hulle wou belangrike manne wees en het gehoop die towenaar sal hulle kan help. Hulle het al die goud wat hulle gehad het, saamgebring om die towenaar te betaal. Gelukkig het die towenaar hulle wense laat waar kom.

Die eerste broer, Rumi, wou 'n beroemde skilder wees. Die towenaar gee toe vir hom 'n verfkwas wat enigiets waaraan Rumi kan dink, kan skilder. Die tweede broer, Navi, wou 'n dapper kryger wees. Die towenaar gee toe vir hom 'n swaard wat enige vyand kan verslaan. Die derde broer, Amri, wou 'n groot denker wees. Die towenaar gee toe vir hom 'n boek wat enige vraag wat die leser vra, kan beantwoord.



Die drie broers bedank die towenaar en gaan huis toe.

Mettertyd het die drie broers bekend geraak as gevolg van hul verstommende talente. Rumi word 'n beroemde skilder. Navi word 'n dapper ridder. Amri word 'n groot denker. Die towenaar sien hoe beroemd die broers is en raak jaloers. Hy hou nie daarvan dat hulle meer aandag as hy kry nie. Hy was immers die een wat vir hulle die talente gegee het! En daarom besluit die towenaar om die drie broers voor almal in die verleentheid te stel.

Die towenaar vra die drie beroemde broers om in 'n talentkompetisie saam met hom op te tree. Op die dag van die kompetisie kom al die mense in die koninkryk na die koning se paleis om daarna te kyk.

Die towenaar is eerste op die verhoog. Hy sê hard: "U Majesteit en mense van die koninkryk, ek verwelkom almal van julle by hierdie talentkompetisie. Vandag sal julle die waarheid aanskou. Ek daag Rumi, Navi en Amri uit om hulle ware talente ten toon te stel. Julle sal sien dat hulle talente slegs geskenke van my was. Sonder my is hulle niks!" Almal is geskok deur die towenaar se woorde.

Die towenaar roep eers vir Rumi na die verhoog. Die towenaar roep hard: "As jy so 'n wonderlike skilder is, skilder dan sonder die towerkwas wat ek jou gegee het!" Hy vat die towerkwas weg en sê vir Rumi: "Skilder 'n portret van die koning!"

Maar die skilder het nie geleer hoe om sonder die towerkwas goed te skilder nie en kan dit nie doen nie. Rumi vra om verskoning. "Ek is so jammer, U Majesteit. Ek kan nie u portret sonder die towenaar se towerkwas skilder nie." Toe hardloop hy van die verhoog af.

Al die mense in die koninkryk lag en sê: "Hoe kan jy spog dat jy 'n wonderlike skilder is wanneer jy iemand anders se towerkuns gebruik?"

Toe is dit Navi se beurt. Hy het gesien wat met sy broer gebeur het en is baie benoud. Die towenaar roep hard: "As jy so 'n dapper ridder is, veg sonder die towerswaard wat ek jou gegee het!" Toe vat hy die towerswaard en sê vir Navi: "Verslaan die koning se wagte!"

Maar die ridder het nie geleer om sonder die towerswaard goed te veg nie, en die koning se wagte verslaan hom vinnig. Navi staan van die vloer af op en sê verleë: "Ek is so jammer, U Majesteit. Ek kan nie sonder die towenaar se towerswaard veg nie." Toe hinkpink hy van die verhoog af.

Al die mense van die koninkryk lag en sê: "Hoe kan jy spog dat jy 'n dapper ridder is wanneer jy iemand anders se towerkuns gebruik?"

Uiteindelik is dit Amri se beurt op die verhoog. Die towenaar roep hard: "As jy so 'n slim denker is, beantwoord vrae sonder die towerboek wat ek jou gegee het." Toe vat hy die towerboek weg en vra vir Amri 'n klomp moeilike vrae.

Maar die denker het baie uit die boek geleer en het baie slim geword. Amri beantwoord selfs die moeilikste vrae, en almal is verstom. Die towenaar besef dat Amri regtig 'n slim denker geword het. Maar voordat die skare vir die towenaar kan lag, sê Amri: "Dankie, groot towenaar, dat jy vir my die towerboek gegee het. Dit het my gehelp om die groot denker te word wat ek vandag is. Maar die kennis wat ek opgedoen het, is nou my eie en kan nie weggevat word nie." Die towenaar besef hy kan nie al die eer vir Amri se wysheid vir homself toeëien nie. Die towenaar buig eerbiedig voor Amri. Almal juig toe Amri voor die towenaar buig en die uitdaging vreedsaam opgelos word.



Daardie dag het almal in die koninkryk 'n belangrike les geleer: Al kan 'n mens 'n maklike uitweg vind, is dit selfs beter om iets self te leer.

Raak doenig met stories!

- Vir watter geskenk sou jy die towenaar vra? Teken 'n prent van jou geskenk. Kleur die prent in en sit dit waar jou gesin dit kan sien.
- Dink jy dit was reg van die towenaar om die drie broers in die verleentheid te probeer stel? Hoekom/hoekom nie?

- Kan jy verduidelik hoekom Amri moeilike vrae kon beantwoord nadat die towenaar die towerboek weggevat het? Op watter moeilike vraag sal jy graag 'n antwoord wil hê?



The wizard's gifts

By Natasha Simon ■ Illustrations by Heidel Dedekind



Long ago, in a land where magic was part of everyday life, there lived a powerful wizard. The wizard was very proud and boasted about how amazing he was. He always wanted to be the centre of attention. The king employed the powerful wizard to help with problems in the kingdom. But the wizard was very greedy, so the king had to pay him a lot of gold.

One day, three brothers came to visit the wizard. They wanted to be great men and hoped the wizard would help them. They brought all the gold they had to pay the wizard. Luckily for them, the wizard granted their wishes.

The first brother, Rumi, wanted to be a great painter. The wizard gave him a paintbrush that could paint whatever Rumi could imagine. The second brother, Navi, wanted to be a great fighter. The wizard gave him a sword that could defeat any enemy. The third brother, Amri, wanted to be a great thinker. The wizard gave him a book that could answer any question the reader asked.



The brothers thanked the wizard and went home.

As time went by, the three brothers became famous for their amazing talents. Rumi became a famous painter. Navi became a great knight. Amri became a great thinker. The wizard saw how famous the brothers were and he became jealous. He didn't like that they were getting more attention than he was getting. After all, he was the one who had made them talented! And so the wizard decided to embarrass the three brothers in front of everyone.

The wizard asked the three famous brothers to do a talent show with him. On the day of the show, all the people in the kingdom arrived at the king's palace to watch.

The wizard was first on stage. He said loudly, "Your Majesty and people of the kingdom, I welcome you all to this show of talents. Today, you will see the truth. I challenge Rumi, Navi and Amri to show their true talents. You will see they only have talents because of my gifts. Without me, they are nothing!" Everyone was shocked by the wizard's words.

First, the wizard called Rumi onto the stage. The wizard shouted loudly, "If you are such a great painter, paint without the magic brush I gave you!" He took away the magic brush, and told Rumi, "Paint a portrait of the king!"

But the painter had not learnt how to paint well without the magic brush, so he couldn't do it. Rumi apologised, "I'm so sorry, Your Majesty. I can't paint your portrait without the wizard's magic brush." Then he ran off the stage.

All the people of the kingdom laughed and said, "How can you boast about being a great painter when you are using someone else's magic?"


Navi was next on the stage. He had seen what had happened to his brother and so was very nervous. The wizard shouted loudly, "If you are such a great knight, fight without the magic sword I gave you!" Then he took away the magic sword, and told Navi, "Defeat the king's guard!"

But the knight had not learnt to fight well without the magic sword, so the king's guard defeated him very quickly. Navi got up from the floor and said in embarrassment, "I'm so sorry, Your Majesty. I can't fight without the wizard's magic sword." Then he limped off the stage.

All the people of the kingdom laughed and said, "How can you boast about being a great knight when you are using someone else's magic?"

Finally, it was Amri's turn on stage. The wizard shouted loudly, "If you are such a clever thinker, answer questions without the magic book I gave you." Then he took away the magic book and asked Amri many difficult questions.

But the thinker had learnt a lot from the book and had become very clever. Amri answered even the most difficult questions and amazed everyone. The wizard realised that Amri really had become a great thinker. But before the crowd could say anything or laugh at the wizard, Amri spoke, "Thank you, great wizard, for giving me the magic book. It helped me to become the great thinker I am today. But the knowledge I learnt is now my own and it cannot be taken away." The wizard realised that he could not take all the credit for Amri's wisdom. The wizard bowed respectfully to Amri. Everyone cheered as Amri bowed to the wizard and the challenge ended peacefully.



That day everyone in the kingdom learnt an important lesson: While it's fine to find an easy way out, it's even better to learn something yourself.

Get story active!

- What gift would you have asked the wizard for? Draw a picture of your gift. Colour the picture and put it where your family will see it.
- Do you think the wizard was right to try to embarrass the three brothers? Why/why not?

- Can you explain why Amri was able to answer difficult questions after the wizard took back the magic book? What difficult question would you like the answer to?

Nal'ibali-pret

Nal'ibali fun



1.

a) Beantwoord elke vraag hier onder deur na die plakkaat van die sonnestelsel op bladsy 13 te kyk.


1. _____ is die middelpunt van die sonnestelsel.
2. Watter planeet is die naaste aan die son?

3. Watter planeet is die verste van die son af?

4. Aarde is die _____ planeet van die son af.
5. Hierdie twee planete is die naaste aan die aarde.
_____ en _____
6. Die grootste planeet is _____.
7. Daar is ringe om hierdie twee planete.
_____ en _____

b) Vind die antwoorde vir 1 a) in die woordsoekblok.

M	S	A	T	U	R	N	U	S
N	E	P	T	U	N	U	S	G
J	U	P	I	T	E	R	D	A
M	E	I	M	E	O	A	E	I
A	D	I	E	S	O	N	R	T
R	T	M	E	R	C	U	D	Y
S	A	V	E	N	U	S	E	R
M	E	R	C	U	R	I	U	S



a) Answer each question below by looking at the chart of the solar system on page 13.

1. The centre of the solar system is _____.
2. Which planet is closest to the sun?

3. Which planet is furthest from the sun?

4. Earth is the _____ planet from the sun.
5. These two planets are closest to Earth.
_____ and _____
6. The biggest planet is _____.
7. These two planets have rings around them.
_____ and _____



b) Find the answers to 1 a) in the wordsearch block.

N	E	P	T	U	N	E	I	S
M	R	A	S	A	T	U	R	N
J	U	P	I	T	E	R	T	A
M	U	I	M	E	O	A	H	I
A	T	H	E	S	U	N	I	T
R	T	M	E	R	C	U	R	Y
S	A	V	E	N	U	S	D	R

2.

★ Teken die prent van die ruimtevaarder oor. Gebruik die lyne op die grafiekpapier om jou te help.

★ Copy the picture of the astronaut. Use the lines on the graph paper to help you.



Antwoorde: 1. Die son 2. Mercury 3. Neptune 4. Third 5. Venus, Mars 6. Jupiter 7. Saturn, Uranus
Answers: 1. The sun 2. Mercury 3. Neptune 4. Third 5. Venus, Mars 6. Jupiter 7. Saturn, Uranus

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:



TheNalibaliChannel



nalibaliSA



@nalibaliSA



@nalibalisA



@nalibalisA



nalibalisA



The Nal'ibali Trust



+27 64 801 5496



Drive your
imagination

UMLAZI
EYETHU

POLOKWANE
OBSERVER

